# DIE PRAESENTIA REALIS EN DIE PROTESTANTSE EREDIENS[1]

## I. *Historiese en Saaklike Erns*

(*a*) Wanneer 'n mens die geskiedenis rondom die *praesentia realis* nagaan, dan blyk dit dat oor hierdie saak daar geweldig harde woorde geval het—die hardste woorde wat ooit tussen mens en mens gespreek kan word: Die Heidelbergse Kategismus sê in Antwoord 80 van die leer van die Rooms-katolieke Kerk i.v.m. die *praesentia realis* (soos dit tot uitdrukking kom in die leer aangaande die Mis), dat dit „in die grond niks anders is as 'n verloëning van die enige offer en lyde van Jesus Christus en 'n vervloekte afgodery" nie. In die „Canones de ss. Eucharistiae Sacramento" laat die Conc. Tridentinum, Sess. XIII, op sy beurt herhaaldelik die „Anathema Sit" teenoor die Protestantisme hoor, veral wanneer dit handel „de reali praesentia D.N.I. Christi in ss. Eucharistiae Sacramento".

Hierdie kloof het deur die eeue bly bestaan en selfs die mees-optimistiese ekumeniese denker sal nie beweer dat die leer van die Protestantisme oor die Nagmaal (en die daarmee-samehangende leer oor die werklike teenwoordigheid) én die leer van Rome oor die Mis (en die samehangende leer van die *praesentia realis*), dat hierdie twee leerstellings maar twee kante van dieselfde saak, twee modaliteite van dieselfde, één waarheid is nie. Dit is duidelik dat dit nie hier gaan oor 'n „en-en" nie, maar om 'n radikale „óf-óf".

[1]) Lesing gehou voor die Predikantevergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk op die 25ste Mei 1960 te Pretoria.

(*b*) Maar die *praesentia realis* was nie net 'n skeipunt tussen Rome en Reformasie nie; dit was ook dié punt waar die drie groot reformatore, Luther, Zwingli en Calvyn heftig van mekaar verskil het en selfs die ireniese en ekumeniese Melanchthon kon hier geen versoening bewerkstellig nie. In 'n preek, uitgespreek op Sondag Cantate op 11 Mei 1544, vra Luther bv. wat dit is wat ontbreek by diégene wat nie die Lutherse leer i.v.m. die *praesentia realis* wil aanneem nie? Hy antwoord: „Niks anders as dat hulle niks wil weet van die kinderlike geloof: „ek glo in God die Vader, die Almagtige Skepper van hemel en aarde nie . . ." Ons sal ons nooit laat bepraat, sê hulle, dat ons sou glo, dat God die hemel sal open en Sy Seun sal laat neerdaal en Hom in die brood, wat by die Sakrament van die Avondmaal uitgereik word, sou verberg nie. Dit kom van die ellendige ongeloof!"

(*c*) Die vraag is nou waarom hierdie leer die diep kloof tussen Rome en Reformasie sigbaar laat word en waarom Luther ander reformatore van gebrek aan kinderlike geloof beskuldig wanneer dit oor die *praesentia realis* gaan? Die antwoord is dat die radikale verskille juis rondom die leer aangaande die *praesentia realis* duidelik word, omdat dit in die leer van die *praesentia realis* gaan oor groot kernpunte in die Christelike geloof. Die eintlike vraag waarom dit gaan, is die vraag: „Hoe kry die gelowige wat vandag leef, deel aan Jesus Christus en al Sy heilsgoedere, aan Jesus Christus wat eenmaal, daar-en-toe vir ons sondes aan die kruis gesterf het, wat uit die dode opgestaan en na die hemel weggevaar het?"

Indien ons antwoord dat die gelowige van vandag deel aan Jesus Christus en Sy heilsgoedere kry deur die diens van *die Kerk*, dan is dit duidelik dat die leer-van-die-Kerk én die-diens-van-die-Kerk hier van geweldige groot belang is. Indien ons antwoord dat die gelowige van vandag deel aan Jesus Christus en Sy heilsgoedere kry deur *die geloof*, dan is dit duidelik dat 'n noukeurige uiteensetting van die leerstuk van die geloof brood-noodsaaklik is. En in albei hierdie vrae (die vraag na die Kerk én die vraag na die geloof) is dit van groot belang of hierdie deelname aan Jesus Christus alleen maar ideëel en spiritueel is, alleen maar deur gedagte en herinnering én of dit *werklik* is? Hoe is *werklike* deelname aan Jesus Christus en Sy heilsgoedere moontlik, indien Hy na die hemel opgevaar het en sit aan die regterhand van die Vader? Aan die ander kant: Indien hierdie deelname alleen spiritueel en ideëel is, dan maak dit nie veel saak of Jesus Christus se bestaan histories-konkreet, werklik was nie; dan kan Hy maar vir alle praktiese doeleindes 'n Idee gewees het, 'n Leer wat 'n sekere gees adem.

(*d*) Hierdie laasgenoemde vraag (nl. van die *werklike* deelname aan Jesus Christus en al Sy heilsgoedere), word veral belangrik as ons dit sien in die lig van die sentrale leerstuk van die Vleeswording van die Woord. Die Kerk het o.g.v. die Skrif altyd fel enige docetisme afgewys bv. in die Christologiese Stryd van die eerste eeue, maar ook in die tyd

van die Kerkhervorming in hulle stryd teen die Anabaptiste bv. teen Menno Simons. Die Kerk het bely: Jesus Christus het waaragtige mens geword, Hy het waarlik ons vlees en bloed aangeneem. Met liggaam en siel het Hy ons in alles gelykgeword, uitgenome die sonde. Ons vlees en bloed, met al die swakhede, gebreke en versoekinge het Hy aangeneem. Hieraan hang die hele verlossing. Die groot Kappadosiërs het die stelreël opgestel: „Wat nie aangeneem is nie, word nie verlos nie". Dit is duidelik dat indien iets nie aangeneem is nie (bv. ons eie bloed en vlees) dan word dit (*ons* bloed en vlees) nie verlos nie.

Indien daar êrens sprake is van christelike realisme (wat alle wysgerige idealisme en godsdientige spiritualisme uitsluit), dan is dit hier by die leer van die Vleeswording van die Woord. Dat Hy in alles mens geword het, in alles waarlik en werklik ons vlees en bloed ens. aangeneem het, dit is die grondvoorwaarde van Sy plaasvervangende lyding en sterwe; dit is ook grondvoorwaarde van die sekerheid van *ons* opstanding, hemelvaart en deelname aan die ewige lewe. Omdat Jesus Christus ons in alles gelykgeword het, óns vlees en bloed aangeneem het, daarom het *ons vlees* met Sy opstanding opgestaan en het *ons vlees* met Sy hemelvaart na die hemel opgevaar. Daarom is Sy opstanding pand vir óns opstanding en deur Sy hemelvaart het ons óns vlees as pand in die hemel.

(*e*) As alles, ja, die ewige lewe, hiervan afhang, dan is die sentrale vraag: „Hoe kry ons wat hier-en-nou leef, deel aan Sy vlees en bloed, *werklik* deel aan Sy vlees en bloed sodat ons deel kan kry aan die versoening, opstanding, hemelvaart en ewige heerlikheid? Duidelik stel Johannes 6 hierdie saak: „Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Want My vlees is waarlik spys en My bloed in waarlik drank. Wie My vlees eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom. Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, deur My lewe." (Vers 53–57.)

Hier word dit duidelik dat die eet van die vlees van Jesus Christus en die drink van Sy bloed voorwaarde is vir die ewige lewe, voorwaarde vir die deelname aan Hom en al Sy heilsgoedere.

(*f*) Hierdie saak word veral van belang as ons dit sien in die lig van sekere Avondmaalstekste. In die Evangelies lees ons dat Jesus gesê het: „Neem, eet, *dit is My liggaam* . . . want *dit is My bloed*, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergiffenis van sondes" (Mtt. 26 vs. 26 en 28, Mrk. 14 vs. 22 en 24 en Luk. 22 vs. 19 en 20). Dieselfde gedagte kry ons by Paulus in I Kor. 11, vs. 24–25, terwyl hy in vers 27 daaraan toevoeg: „Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan *die liggaam en bloed van die Here*." In vers 29 word gesê dat dié een wat onwaardige wyse eet en drink, nie „*die liggaam van die Here* onderskei nie."

Dit lyk nie asof hier sprake is van beeldspraak nie, maar van die werklike teenwoordigheid van Jesus Christus en die ware en werklike deelname aan sy werklike liggaam en bloed.

### II. *Die Antwoord van Rome*

Wanneer Rome worstel met hierdie vraag hoe die gelowige van hier-en-nou deel kry, werklik en waarlik deel kry aan die ware en werklike liggaam en bloed van Jesus Christus en aan al Sy heilsgoedere, dan antwoord Rome: Deur die diens, die liturgie, van die Kerk. Volgens B. Bartmann is „die Kirche der in der zeit fortwirkende Christus". Deur die kontinue apostoliese suksessie is die pous die *vicarius Christi* en deur sy sleutelmag het die Kerk, veral deur die pous en die leeramp, volmag oor die skat van heil. In die Kerk is die gelowige veilig en geborge en kry hy deel aan Christus en al Sy heilsgoedere. Die openbaring is werklikheidsopenbaring en in sy volmag re-*presenteer* die Kerk die heil hier-en-nou, stel die Kerk die heil hier-en-nou teenwoordig. In die drama van die liturgie word die goddelike werklikheid teenwoordig gestel deur 'n veelheid van simbole en rites. Wanneer die liturgie deur die Kerk verrig word, dan word die openbaringswerklikhede nie net voor die oë van die gemeente sigbaar geskilder nie, maar daardie openbaringswerklikhede vind ook werklik plaas. Die sentrale gestalte van die Rooms-Katolieke liturgie is die Mis. Deur die konsekrasie word die brood en wyn dan ook werklik substansieël, die liggaam en bloed van Christus en in die Mis vind Sy offer dan ook werklik plaas. Die gemeente is nie net toeskouers en toehoorders van hierdie gebeure nie, maar deur hulle deelname is hulle ten nouste daarby betrek. Deur die hostie te eet, eet die lidmaat dan ook werklik die liggaam van Christus en kry hy in die kommunie deel aan Jesus Christus se liggaam en bloed en so aan die saligheid soos Johannes 6 dit stel. „Im Heerbann des Priesterkönigs" sê Karl Haggeney: „Moses se mag was groot. Een woord uit sy mond het die golwe van die Rooi See in twee gesplyt. Josua se woord het die son stil laat staan. Maar die priester het mag oor die lewelose skepsel en oor die Skepper self, selfs wanneer hy wil. Een woord uit sy mond dwing die Skepper van die heelal en hemel op die aarde neer, ontklee Hom van Sy grootheid en verberg Hom onder die gestalte van wyn en brood."

Hier het ons die werklike teenwoordigheid van Jesus Christus en deur die hostie te eet, eet die gelowige die werklike liggaam van Christus en „wie My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag." (Joh. 6 vers 54.)

Aangesien die Mis sentraal staan in die Rooms-Katolieke erediens, en Christus in die hostie liggaamlik, reëel, werklik teenwoordig is, is die hele Rooms-katolieke erediens rondom hierdie *praesentia realis* gesentreer.

## III. *Die Posisie van die Protestantisme. Die Geloof.*

Teenoor die Rooms-katolieke liturgie, staan die reformatoriese herontdekking van die Woord. Weliswaar is die openbaring van God ook werklikheidsopenbaring in dié sin dat die heilsfeite histories-konkreet en eenmalig is bv. Sy enige, volmaakte offerande aan die kruis. Maar daardie eenmalige heilsfeite, daardie openbaringswerklikhede, kan nie in die teenwoordige tyd deur die Kerk in die liturgiese seremonies en rites herhaal, gerepresenteer, teenwoordig-gestel word nie. Die vraag is nou: Hoe kry die gelowiges hier-en-nou deel aan daardie heilsopenbaring in Jesus Christus indien die Kerk nie by magte is om dit in sy volle historiese werklikheid hier-en-nou te herhaal nie?

Die antwoord is dat die Kerk alleen Gods Woord het as die enigste outentieke getuienis van daardie eenmalige openbaringsgebeure. Die sentrale liturgiese taak van die Kerk is dat hy deur die prediking van die Woord en bediening van die Sakramente in die teenwoordige tyd *die Woord sal verkondig* in die vaste vertroue op Gods belofte dat Hy deur die werking van Sy Gees *die geloof* in ons op grond van daardie openbaringswerklikhede sal wek en deur die geloof deel daaraan sal gee.

Die reformatoriese liturgie is voluit diens van die Woord en die *sola fide* deurgloei dit tot in die fynste besonderhede. Alles—prediking, sakrament, die diens van die gebede, die liturgiese formuliere én die kerklied—staan voluit in diens van die Woord en die diens van die Woord is gerig op die geloof en die gelowige aanbidding van Hom Wie se Woord dit is en in Wie ons op grond van Sy Woord glo.

## IV. *Die Antwoord van Luther*

(*a*) Uitgaande van bostaande agtergrond, stel Luther dat die eerste fout wat Rome maak, die feit is dat Rome die Avondmaal sien as offerande. Dit is wel waar dat die Kerk vroeg van die Nagmaal as offerande gespreek het, maar dit stry teen die eenmaligheid en volmaaktheid van die soenoffer van Jesus Christus aan die kruis soos Hebreërs 9 en 10 ons leer en soos die kruiswoord „dit is volbring", dit beseël. Die eerste stap is dus om hierdie onbybelse offergedagte uit die Nagmaalsleer te verdryf. Trouens: Oor hierdie punt is Zwingli en Calvyn dit met Luther eens: Ten alle koste moet daarteen gewaak word om deur die onbybelse offergedagte maar iets te kort te doen aan die volkome soenoffer van Jesus Christus aan die kruis.

(*b*) Rome is ook verkeerd in dié sin dat hulle die „hoc *est* corpus meum" verkeerd uitlê as sou „est" beteken „verander", as sou die brood en wyn substansiëel verander in die liggaam en bloed van Jesus Christus. Nooit beteken „est" in die griekse of latynse taal: „substansiëel verander in" nie.

(c) Maar netsomin beteken „est", soos Zwingli wil, „significat". In Marburg skryf Luther met kryt op die tafel: „hoc *est* corpus meum". God gee geen leë teken nie en buitendien wil Hy ons nie bloot herinner

aan Sy volkome soenoffer nie. Hy wil wat Hy beloof, ook werklik en waarlik aan ons skenk. Ons herinnering besit nie (netsomin as die Kerk by Rome) die vermoë om die eeue te oorspan nie. Alleen God kan dit doen en hier-en-nou aan ons deel gee aan die enige, volkome en eenmalige soenoffer wat eenmaal aan die kruis volbring is. God se tekens is nie leeg nie, en buitendien sê Hyself: „hoc *est* corpus meum".

(*d*) Soos 'n paal bo water staan twee dinge vir Luther vas:

(i) Die soenoffer van Jesus Christus is eenmalig (teen Rome).

(ii) En tog sê Hyself: Dit *is* My liggaam (teen Zwingli-hulle). Maar hier is glad nie sprake dat Jesus Christus (soos by Rome) telkens weer geoffer word of dat die brood en wyn in Sy liggaam en bloed verander nie. En tog is Sy liggaam en bloed werklik, reëel teenwoordig en deel die sakramente die genade en heil werklik mee aan diegene wat hulle *in die geloof* ontvang.

(*e*) Die oplossing van hierdie skynbare teenstrydigheid lê in Luther se leer van die *communicatio idiomatum*. Merkwaardig is dat Luther eers sy Avondmaalsleer uitbou en daarna sy Christologie daarby laat aanpas. Hy bou nie (histories gesien) sy Avondmaalsleer op sy Christologie nie. In elk geval: Die leer van die *communicatio idiomatum* beteken dat Jesus Christus se menslike natuur ná Sy opstanding deel kry aan Sy goddelike natuur se eienskappe en dié eienskap waaroor dit hier gaan, is die alomteenwoordigheid. Op hierdie wyse kan die ware liggaam en bloed van Jesus Christus teenwoordig wees, werklik teenwoordig wees in onder en met die brood en wyn soos vuur in 'n yster, waar die Nagmaal ookal gevier word. Die diepe grond agter hierdie leer, is die onlosmaaklike eenheid van Sy goddelike en menslike natuur, van Gods verborgenheid in Sy neerdaling. Die moeilikheid wat in hierdie leer opgesluit lê is tweërlei:

(i) Watter sin het Jesus Christus se hemelvaart in die heilsfeitereeks indien Sy liggaam en bloed deel gekry het aan die eienskap van alomteenwoordigheid direk na Sy opstanding?

(ii) Is dit nie so dat die groot klem van die reformatore op *die geloof* hier by die Avondmaalsleer van Luther baie minder klem kry nie. Dit word veral duidelik wanneer ons let op die *manducatio impiorum* (vel indignorum). Volgens Luther ontvang *ook die ongelowige* die ware, werklike liggaam en bloed van Jesus Christus wanneer hulle die nagmaalsbrood en -wyn ontvang, omdat Jesus Christus se werklike teenwoordigheid onlosmaaklik verbonde is aan die elemente van die Nagmaal, altyd in, onder en met die elemente gegee is. Dit is wel waar dat die ongelowige dit (volgens I Kor. 11) tot sy veroordeling ontvang. Dit is merkwaardig dat Luther Joh. 6 nie op die Nagmaal wil betrek nie. Daar laat hy *die geloof* weer volle gewig kry. Volgens Joh. 6 vers 28 en 29 is „dit die werk van God, dat julle in Hom *glo* wat Hy gestuur het". Wanneer Joh. 6 vers 53–57 dan praat van die eet van die vlees van die Seun van die mens en Sy bloed drink, dan is dit deel hê aan Hom en al Sy

heilsgoedere *deur die geloof*. In die lig hiervan lyk dit asof die *praesentia realis* vir Luther by die Avondmaal 'n uitsonderingsgeval is, en asof die werklike teenwoordigheid in die res van die erediens anders is as by die Avondmaal.

### V. *Die Antwoord van die Calvinisme*

(*a*) Eerstens stel Calvyn en die calvinistiese belydenisskrifte dit duidelik dat Zwingli in 'n sekere sin reg is: Die sakrament is 'n *teken*; sigbaar, tasbaar en proebaar in die Avondmaal. Volgens Vraag 67 van die Heidelbergse Kategismus, is beide Woord en Sakrament instrumente van die Heilige Gees om ons geloof te wys op die volkome offerande van Jesus Christus aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid. In albei gaan dit oor die *geloof*. Maar *die wyse* waarop die Woord en die Sakrament die geloof wek en versterk, is anders. Wanneer ons net van Gods groot genade vir ons in Jesus Christus deur die Woord sou hoor, dan sou ons (deur die grofheid en swakheid van ons verstand en sinne — Calvyn en Ned. Geloofsbelydenis, art 33 en Heid. Kateg., Antw. 66) so maklik daaraan kan twyfel. Nou het God hierdie *tekens* by die Woord gevoeg sodat ons kan sien, tas en proe dat die Here *werklik* goed is. So word alle twyfel uit die weg geruim en word ons geloof versterk; nie omdat die uiterlike sinne op sigself nou 'n beter kanaal van verkondiging sou wees as die poort van die oor nie, maar omdat God Self deur Sy Gees daarvan gebruik maak om ons te oortuig van die realiteit van die verkondigde heil.

In hierdie sin moet ons dan ook die uitsprake van ons belydenisskrifte verstaan nl. dat „die goeie God deur ag te gee op onse grofheid en swakheid . . . hierdie *simbole en uiterlike tekens* . . . by die Woord van die Evangelie gevoeg het om *des te beter aan ons uiterlike sinne voor te stel* wat Hy te kenne gee deur Sy Woord . . . deur in ons *vas en seker te maak* die saligheid wat Hy ons meedeel" (N.G.B., Art. 33). Hierdie *„sigbare waartekens"* laat ons „die beloftes van die Evangelie *des te beter verstaan*" (H.K., antw. 66), deurdat „ek *met my oë sien* dat die brood van die Here vir my gebreek word".

Indien ons net met die oor sou hoor, sou ons deur ons grofheid en swakheid so maklik twyfel aan die realiteit van die verkondigde heil. Nou word ons van die ware werklikheid daarvan verseker deur die uiterlike tekens wat ons sien, tas en proe. Die bedoeling en betekenis, van hierdie tekens is dieselfde as die van die Woord, naamlik om *ons geloof* heen te wys op Jesus Christus se enige soenoffer aan die kruis as die enigste grond vir ons heil. *Deur die geloof* kry ons wat hier-en-nou leef, deel aan Jesus Christus en al Sy heilgoedere, kry ons ook deel aan Sy liggaam en bloed.

(*b*) Maar in twee opsigte verskil hierdie teken-karakter by die Calvinisme van Zwingli.

(i) Eerstens word hierdie *tekens* (soos hierbo alreeds geblyk het) ten nouste verbind met die *geloof*. By Zwingli is dit alleen *herinneringstekens*

en die gebruik daarvan 'n daad van belydenis. En nou is daar 'n groot verskil tussen die geloof wat deur die Heilige Gees deur Woord-en-teken gewek en versterk word, en blote herinnering, blote gedagtenis. Herinnering kan *nie werklik* die tyd en die ruimte oorspan nie; die Heilge Gees kan dit wel doen deur die geloof.

(ii) Tweedens is die herinneringstekens van Zwingli leeg, dit het nie inhoud in sigself nie, maar wys bloot heen na 'n inhoud, dit be-teken net. In die Calvinisme het daardie tekens vir die geloof 'n inhoud, 'n waarheid. Die N.G.B., art. 33 sê: „So is dan die tekens nie nutteloos en ledig om ons te bedrieg nie, want *Jesus Christus*, sonder Wie hulle geheel-en-al niks sou wees nie, *is die waarheid daarvan*". Dieselfde gedagte nl. dat Jesus Christus die onlosmaaklike inhoud en waarheid van die sakramentstekens is, en dat hulle sonder Hom geen tekens sal wees nie, vind ons in art. 35 van die N.G.B. en antw. 76 en 79 van die H.K.

(c) Dit is hierdie verband en verbondenheid van teken en Jesus Christus (as die Waarheid van die teken) wat alleen in die geloof bestaan, wat die N.G.B. op die oog het wanneer dit sê: „Ons dwaal intussen nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word *die eie en natuurlike liggaam en eie bloed van Christus* is nie". En verder word gesê dat God aan die gelowiges gestuur het „'n *lewende brood* wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik Jesus Christus*, wat die geestelike lewe van die gelowiges voed en onderhou, *wanneer Hy geëet word*". (albei in art. 35). Antw. 76 van die H.K. sê ook dat om „*die gekruisigde liggaam van Christus te eet en Sy bloed te drink*", beteken om „*met Sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig* te word en dat, al is Christus in die hemel en ons op die aarde, *ons tog vlees van Sy vlees en been van Sy been is*".

(*d*) Maar dan moet ons bostaande paragraaf ook goed verstaan binne die reformatoriese raamwerk en ruimte van Woord en geloof. Daarom voed die N.G.B. dan ook toe dat „om Christus te eet", beteken dat Hy „toegeëien en ontvang word *in die gees deur die geloof*". Die *geloof* word „die hand en die mond van ons siel" genoem, waardeur ons „die ware liggaam en die ware bloed van Christus, ons enigste Saligmaker, in ons siele ontvang tot ons geestelike lewe". Wanneer ons by die Nagmaal „die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus eet en drink", dan is „die wyse waarop ons dit gebruik, nie die mond nie, maar *met die gees deur die geloof*". Duidelik stel die H.K., vrae en antw. 76 en 79 dit ook dat ons met die tekens van wyn en brood „deur die werking van die Heilige gees *waaragtig* Sy *ware* liggaam en Sy *ware* bloed deelagtig word", netso waaragtig as wat ons die brood en wyn met ons natuurlike mond eet en drink. In die geloof oorspan die Heilige Gees die „ruimte" tussen hemel en aarde en word „ons tog vlees van Sy vlees en been van Sy been".

(c) Hier is dus ook 'n *praesentia realis*, 'n ware en werklike teenwoordigheid van Jesus Christus. By die gebruik van wyn en brood is ons by Hom en Hy by ons, is ons vleis van Sy vlees en eet en drink ons,

soos Johannes 6 sê, Sy vlees en Sy bloed. Maar hierdie waaragtige *praesentia realis* is Gods werk, die werk van God die Heilige Gees in en deur die geloof. Omdat hierdie teenwoordigheid alleen reëel is in en deur die geloof, daarom ontvang die „goddelose wel die Sakrament tot sy verdoemenis, maar hy ontvang nie die waarheid van die Sakrament". nl. Jesus Christus nie—daarom ken die Calvinisme geen *manducatio impiorum* nie. Ja, Jesus Christus se eie, natuurlike liggaam en bloed is, volgens die Calvinisme, wel teenwoordig in, onder en met die Nagmaalsbrood en -wyn; „die Sakramente is saamgevoeg met die sake daardeur aangedui" (N.G.B., art. 35), nl. Jesus Christus se eie, natuurlike vlees en bloed tot on heil—*maar* hierdie korrelasie tussen teken en Be-tekende bestaan nie algemeen en natuurlik nie, dit bestaan *alleen in die geloof* (sola fide) deur die werking van die Heilige Gees. Hierdie presensie is werkliker, waaragtiger en reëeler as enige natuurlike presensie omdat dit Gods werk en werklikheid is deur die Heilige Gees in die werklikheid van die geloof.

(*f*) (i) Die fout van Rome is dat dit geen bybelse gronde het vir die „substansiële verandering" van wyn en brood en vir die offergedagte nie. Die gevolg is dat ná die konsekrasie die wyn en brood *algemeen* en in sigself liggaam en bloed van Jesus Christus *is* en bly. Vandaar ook die probleem van die konservasie. Die geloof as werking van die Heilige Gees word verdring en vervang deur die *ex opere operatum* van die hostie en sakrament. Kenmerkend is hier die *epiklese*: by die protestantisme is dit aanroeping van die Heilige Gees en sinds die 5de eeu by Rome die konsekrasieformule.

(ii) Luther is daarin reg dat Jesus Christus werklik en waarlik in, onder en met die brood en wyn teenwoordig is en dat daar geen offer, transsubstansiasie en aanbidding van die hostie is nie. Maar soos die *manducatio impiorum* by Luther getuig, maak hy hierdie „samevoeging van die Sakrament en die sake daardeur aangedui" (N.G.B., art. 35) los van die geloof en die werking van die Heilige Gees, en bou hy sy leer op 'n konstruksie wat maar weinig bybelse gronde het en wat hom (Luther) in verleentheid laat sit met die artikel oor die hemelvaart. Dogmaties word die probleem daardeur aangedui dat Luther sy Christologie op sy Avondmaalsleer bou en nie andersom nie. Nou word die *praesentia realis Christi* by die Avondmaal iets anders as die *praesentia realis* in ander fasette van die erediens en christelike lewe en nou kan Luther Joh. 6 nie op die Avondmaal betrek nie.

### VI. *Wyere Verbande met die Liturgie en Lewe*

By die Calvinisme is die leer van die *praesentia realis* voluit ingebou in die ruimte en raamwerk van die *geloof* en die werking van die *Heilige Gees*. Orals in die erediens en christelike lewe waar daar geloof is deur die werking van die Heilige Gees, daar is Jesus Christus, al het Hy na Sy mensheid na die hemel opgewaar, waarlik en werklik teenwoordig en eet ons Sy vlees en drink ons Sy bloed tot redding en ewige lewe (Joh. 6).

Oral waar twee of drie in Sy Naam, (d.w.s. in die geloof) by een is, daar is Hyself teenwoordig (Mtt. 18:20), en daar word ons „deur die Heilige Gees wat sowel in Christus as in ons woon, so met Sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig, dat, al is Christus in die hemel en ons op die aarde, ons tog vlees van Sy vlees en been van Sy gebeente is" (H.K., antw. 76). Oral waar twee of drie in Sy Naam vergader, daar „eet ons deur die geloof, wat die hand en die mond van ons siel is, die *ware liggaam* en die *ware bloed* van Christus" (N.G.B., art. 35). In die res van die liturgie en lewe gebeur dit op die wyse van die Woord en geloof. By die Sakramente gebeur dit op die wyse van die teken en seël wat versekerend sê: „So waaragtig as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot Sy gedagtenis ontvang, so waaragtig word ons Sy ware liggaam en bloed deur die werking van die Heilige Gees deelagtig" (H.K., antw. 79). Die *praesentia realis* is vir die Calvinisme oral dieselfde, alleen die wyse van „verkondiging" daarvan is anders: By die Sakramente deur tekens en elders in die liturgie en lewe deur die Woord. Grondvoorwaarde daarvan is die geloof.

B. J. ENGELBRECHT.

Pretoria,
Januarie 1961.